# Welkom by Volkskool Bethal vir Christelike Onderwys

Hierdie dokument dien as verwysingsraamwerk vir moontlike vrae deur nuwe ouers.  Indien u enige ander vrae of onduidelikhede het, kontak gerus vir Heidie Delport in die kantoor.

**BCVO (Beweging vir Christelike, Volkseie Onderwys)**

Dis ’n onderwysinstelling in Suid-Afrika wat primêre en sekondêre onderwys (Gr 1 – 12) in **Afrikaans** en die **Calvinistiese** tradisie bied.  Tans is daar 40 geaffilieerde skole, hoofsaaklik in Transvaal en die Noord-Kaap en in ’n mindere mate, die Vrystaat en Oos-Kaap.  Daar is ongeveer 2100 kinders gesamentlik in die onderskeie skole.

Die BCVO se leerplanne, wat ’n verrykte inhoud ten opsigte van kultuur en volkseie geskiedenis bied, word deur BCVO opgestel aan die hand van die KABV (Kurrikulum en Assesserings Beleidsverklaring – CAPS in Engels), maar met die oog op ’n Gr 12 OER (IEB) eksamen.

**TOELATINGSBELEID**

Die toelatingsbeleid van CVO skole is gevestig op twee grondbeginsels, nl.:

- Die Christelike Protestantse Geloof (Calvinisties-gereformeerd) gegrond op Die Bybel soos uitgelê deur slegs die belydenisskrifte, te wete die Heidelbergse Kategismus, Nederlandse Geloofsbelydenis en die Dortse Leerreëls.
- Die uitleef van Afrikanerkultuur.

Onderhoude en keuring word met elke nuwe aansoek gedoen.  Tydens hierdie onderhoude word verdere aspekte betreffende toelating, bespreek.

**TOEKOMSVISIE VAN DIE SKOOL**

Ons is ’n vooruitstrewende Gereformeerde Volkseie Privaatskool wat kundiges vir die beroepslewe en lewende getuies vir Christus op ’n gebalanseerde wyse help vorm.

**RAADSLEDE (2021/2022)**

| | | |
|---|---|---|
| Basjan Venter | - | Voorsitter / Instandhouding |
| Dries Lategan | - | Finansies |
| Gerda Reinke | - | Raadslid |
| Werner Ernst | - | Raadslid |
| Vlam Venter | - | Raadslid |

## ALGEMENE SKOOLINLIGTING

SKOOLLIED

Uit ons drang na vryheid het ons Volkskool gegroei
Afrikaner se hart, verpand aan sy land.
Met ons oog gevestig op die Bron van ons hoop
Lig uit Lig en krag uit Krag
Lig uit Lig en krag uit Krag

Rotsvas steeds geanker in die God wat ons dien
Sy genade wat ons dag na dag omvou
Oog omhoog en kragtig vooruit na ons doel
Lig uit Lig en krag uit Krag
Lig uit Lig en krag uit Krag

SKOOLURE

| | | |
|---|---|---|
| Gr 0 – 2 | - | 07:10 tot 13:15 |
| Gr 3 – 12 | - | 07:10 tot 13:30 |

SKOOLREëLS

Die skoolreëls is in die skoolbeleid uiteengesit en kan by Heidie vir insae aangevra word.

SKOOLDRAG

| | **DOGTERS** | **SEUNS** |
|---|---|---|
| | **Somer** | **Somer** |
| Laerskool | Donkerblou A-lyn romp | Grys kortbroek |
| Gr 1 – Gr 7 | Rooi en wit blokkies hemp en/of | Wit oopknoop hemp |
| | Wit oopknoop hemp | Grys lang kouse |
| | Blou skoolsokkies (by Jasworth te koop) | Swart skoene (of kaalvoet) |
| | Swart skoene (of kaalvoet) | Rooi trui / oortrektrui (opsioneel) |
| | Rooi trui / oortrektrui (opsioneel) | |
| Hoërskool | Selfde as bo | Grys langbroek |
| Gr 8 – 12 | | Wit toeknoophemp |
| | | Skooldas |
| | | Rooi trui / oortrektrui (opsioneel) |
| | | Grys lang kouse |
| | | Swart skoolskoene |

| | Winter | Winter |
|---|---|---|
| Laerskool<br>Gr 1 – 7 | Donkerblou A-lyn romp **OF**<br>Donkerblou langbroek<br>Donkerblou broekiekouse<br>Wit langmouhemp<br>Skooldas<br>Rooi trui / oortrektrui /<br>Sweetpakbaadjie<br>Swart skoolskoene<br>OF<br>Skoolsweetpak met tekkies | Grys langbroek<br>Wit langmouhemp<br>Rooi trui / oortrektrui<br>Grys lang kouse<br>Skooldas<br>Swart skoolskoene<br>Donkerblou skoolbaadjie /<br>Sweetpakbaadjie |
| Hoërskool<br>Gr 8 – 12 | Donkerblou A-lyn romp OF<br>Donkerblou langbroek<br>Donkerblou broekiekouse<br>Donker kouse saam met langbroek<br>Wit toeknoop langmouhemp<br>Skooldas<br>Rooi trui / oortrektrui<br>Donkerblou skoolbaadjie<br>Swart skoene | Grys langbroek<br>Wit toeknoop langmouhemp<br>Skooldas<br>Grys lang kouse<br>Swart Skoolskoene (Nie "Docs")<br>Rooi trui / oortrektrui<br>Donkerblou skoolbaadjie |

Matrieks se drag bly dieselfde behalwe dat hul das vervang word met 'n rooi das wat geborduur is – Matriek en jaar.

Skoolkouse vir meisies kan by Jasworth in Bethal gekoop word. Truie en skoolsweetpakke kan by Heidie bestel word. Skoolbaadjies, rompe, broeke en wit hemde kan by Woolworths of enige ander verskaffer wat voorraad het, aangekoop word.

<u>SPORTDRAG</u>

Soos vir aktiwiteitsdae (Sien aktiwiteitsdae).
Elke sportsoort wat deur BCVO aangebied word en wat op streeks- en nasionale vlak gedoen word, het/besit sy eie sportdrag, wat via die sportorganiseerder bestel word sodra die leerling in die span opgeneem word. Indien 'n leerling vir 'n spesifieke jaar nie in genoemde spanne opgeneem is nie, word die sportdrag nie gedra nie.

<u>AKTIWITEITSDAE (LO)</u>

Volgens huidige rooster vind die aktiwiteitsperiode op 'n Maandag (die twee laaste periodes) plaas.
Somer: Skoolsporthemp / Riffiehemp met donkerblou / swart sportbroekie, tekkies en skoolkouse
Winter: Soos bo, maar skoolsweetpak kan ook gedra word, met tekkies en skoolkouse

Slegs indien leerlinge in 'n streek- of nasionale span is, mag daardie sportsoort se klere ook tydens aktiwiteitsperiodes gedra word.

SKOOLFONDS

| | | |
|---|---|---|
| Gr 0 – 3 | - | R1 854-55 per maand vir 11 maande |
| Gr 4 – 6 | - | R2 018-20 per maand vir 11 maande |
| Gr 7 – 12 | - | R2 400-00 per maand vir 11 maande |

Daar is ’n R200-00 afslag per kind na die eerste kind.

Administratiewe fooi - R1000-00 per gesin (slegs op nuwe gesinne van toepassing [eenmalig])

BOEKGELD

| | | |
|---|---|---|
| Gr 0 – 3 | - | Pakket |
| Gr 4 – 6 | - | BCVO Handboeke & addisionele Wiskunde handboeke |
| Gr 7 – 9 | - | BCVO Handboeke & addisionele Wiskunde handboeke |
| Gr 10 – 12 | - | BCVO Handboeke & addisionele handboeke in keusevakke |

Gedurende Oktober / November word fooie vir boekgeld deur die kantoor aan ouers deurgegee. Die geld is vooruitbetaalbaar vir die nuwe jaar. Koste word sovêr as moontlik bespaar.

SPORTDEELNAME

Sportdeelname word aangemoedig. Al die algemene sportsoorte word deur die BCVO ondersteun en kinders kan daarin presteer tot op nasionale vlak.

Riffies skakel by die Oos-Transvaal streek in. Alhoewel ouers genoodsaak is om baie te ry, geniet die kinders die ervaring om ander CVO leerlinge te ontmoet en teen hulle deel te neem.

Riffies se sportorganiseerder is deur die Raad aangewys en tans is dit Suzette Ernst. Alle navrae i.v.m. sport kan via Heidie aan Suzette gekommunikeer word.

Datums waarop die onderskeie sportsoorte plaasvind, is op die kalender aangedui. In uitsonderlike gevalle kan ’n datum skuif, maar dit sal, indien nodig, aan die betrokke ouers deurgegee word.

*Eerste kwartaal:*
Die eerste kwartaal word aan atletiek afgestaan. Enige leerling kan inskryf vir die huissport en die streeksdeelname. Die huissport byeenkoms is nie verpligtend nie. Wanneer u kind aan die streeksbyeenkoms deelneem en so presteer om in die Suidstreek span opgeneem te word, sal die volgende deelname die Oos-Transvaal byeenkoms wees. Die Suidstreek span se kleredrag is gewoonlik net ’n rooi T-hemp en ’n blou/swart sportbroekie. Indien u kind verder presteer om in die Oos-Transvaalspan opgeneem te word, sal daar sportklere en ander toerusting bestel kan word. Leerlinge in die Oos-Transvaalspan kwalifiseer om nasionaal aan die BCVO-SA’s deel te neem.

Indien leerlinge wat in streekspanne opgeneem is, om een of ander rede, sonder ’n geldige verskoning, onttrek of oefeninge mis, kan die leerling met tot ’n jaar van BCVO sport geskors word. Maak dus seker dat die nodige oefeninge getrou bygewoon word.

Die atletiekbyeenkomste word by die volgende plekke aangebied:

- Huissport Die Standerton Akademie bied die laaste twee jaar die huissport privaat aan, terwyl die ander skole in die streek deur Middelburg Privaat Akademie uitgenooi is.

- Suidstreek Die Suidstreekbyeenkoms word op rotasiebasis tussen die skole in die streek aangebied, indien moontlik.
- Oos-Transvaal Hierdie byeenkoms word meestal by Gromar in Groblersdal aangebied, aangesien hulle die fasiliteite beskikbaar het. Die skole werk ook op rotasiebasis om die byeenkoms aan te bied.
- BCVO SA Atletiek Dit vind in Sasolburg by die DP De Villiers Stadion plaas.

*Tweede kwartaal:*
Die tweede kwartaal word vir netbal en rugby opsy gesit. Reg aan die begin van die kwartaal vind ’n netbal en rugby rondomtalie plaas wat nie verpligtend is nie.

Vervolgens is daar ’n netbal- en rugby kliniek-en-proewe naweek (vanaf Donderdagmiddag tot Saterdag), waar die leerlinge deur ervare netbal- en rugbyspelers afrigting ontvang tydens die kliniek (Donderdag en Vrydag) en tydens die proewe (Saterdag) word van onafhanklike keurders gebruik gemaak om die beste spanne saam te stel. Indien leerlinge aan die proewe deelneem en wel in die Oos-Transvaal Netbal en Rugbyspanne opgeneem word, word die res van die kwartaal se naweke aan oefeninge afgestaan. Hierdie naweke is op die kalender aangedui. Alle rugby en netbal oefeninge vind in Groblersdal plaas.

’n Vriendskaplike wedstryd teen Noord-Transvaal is jaarliks geskeduleer. Dit wissel tans tussen Potgietersrus en Groblersdal. Hierdie wedstryd is verpligtend.

’n Bondedag word ook geskeduleer. Dis soos ’n mini-Winterspele en al die skole van die BCVO neem daaraan deel. Hierdie dag se wedstryde is ook verpligtend (vir die A-spanne en soms vir die B-spanne). Die Bondedag vind plaas OF in Groblersdal, OF in Lichtenburg. Die moontlikheid dat ander plekke vir die aanbied van die Winterspele aangewys kan word, is groot. Die Bondedagwedstryde het ook ten doel om Bokkieweek-spanne te keur.

Die Winterspele is die laaste Netbal- en Rugbywedstryde waaraan vir die jaar deelgeneem word. Dit vind plaas die eerste naweek nadat die skool vir die wintervakansie gesluit het. Gewoonlik die Donderdag tot Saterdag. Die Winterspele vind afwisselend plaas OF in Groblersdal, OF in Lichtenburg, OF in Orania OF by Vivo.

Tydens Winterspele probeer die Bokkie-afrigters ook oefensessies inkry. Die Bokkieweek word aangebied tydens die tweede week van die wintervakansie en ’n oefenkamp vind plaas in die paar dae voor die Bokkieweek. Die Bokkieweek word afwisselend in Kroonstad en Nylstroom aangebied. Let wel: Bokkieweek word nie deur BCVO aangebied nie, maar word wel deur hulle ondersteun.

*Derde kwartaal*
Tydens die derde kwartaal word krieket, tennis, hokkie, landloop en skaak aangebied. Hokkie en krieketproewe vind reeds vroeg in die kwartaal in Groblersdal plaas. Die program vir oefentye en wedstryde word dan deurgegee.

Die datums van die onderskeie byeenkomste word ook op die kalender aangedui.

**Dis raadsaam om vroegtydig vir enige nasionale BCVO sportbyeenkoms verblyfplek te bespreek.**

**ALGEMENE ITEMS OP DIE KALENDER**

BYBELKENNIS

Eerste ronde - tans verpligtend en word as punt vir Bybel op skoolrapport weergegee.  Om vir die tweede en derde rondes te kwalifiseer, is ’n minimum van 70% noodsaaklik.  Die tweede en derdes rondes is egter nie verpligtend nie, alhoewel sertifikate en balkies daarvoor verdien kan word.  Die eerste twee rondes neem die vorm van ’n toets aan.  Die derde ronde vind op nasionale vlak plaas en word jaarliks deur ’n ander streek aangebied en neem die vorm van ’n vasvra in spanverband aan.

ATLETIEKBEAMPTE AFRIGTINGSKURSUS

Enige persoon mag die kursus bywoon.  Jy moet egter bereid wees om by AL DIE ATLETIEKBYEENKOMSTE betrokke te wees.  Vir navrae kan Suzette Ernst via die kantoor gekontak word.

VLEISWERK

Die skool is afhanklik van fondsinsamelings.  Die vleiswerk geleenthede is een van die aksies waartydens fondse ge-in kan word.  Daar is ongeveer 6 vleiswerk-dae per jaar geskeduleer.  Vlam Venter kry donateurs, wat die skool goedgesind is, om beeste te skenk.  Ouers verwerk en verpak die vleis om aan bestellings te voldoen.

Ongeveer 2 weke voor ’n vleiswerk-dag, word die bestelvorms per e-pos aangestuur.  Die bestellings moet EEN WEEK VOOR VLEISWERK REEDS INGEDIEN WEES.

Die verwerking vind plaas by die AP Kerk (langs die skool).  Vele hande maak ligte werk. Alle hulp word baie waardeer.
Ons arriveer 7:30 en werk tot ongeveer 12:00, afhangende van grootte van die bestelling.  Geld vir die bestelling word direk in die skool se rekening inbetaal.

NASKOOLSE SORG

Indien u in nasorg belangstel, kan u Heidie kontak.  Sy sal vir u die nodige inligting en kontaknommers gee.

PAARDEKRAAL

Die Paardekraal atletiekbyeenkoms is ’n BCVO byeenkoms wat nie verpligtend is nie.  Inligting betreffende die byeenkoms, wat reeds vroeg in die eerste kwartaal plaasvind, word teen die einde van die vorige jaar aan die ouers deurgegee.  Vir verdere navraag kontak Suzette Ernst via die kantoor.

ATKV EKSAMEN

Hierdie is ’n buitekurrikulêre aangeleentheid waartydens die ATKV skoolleerlinge nooi om deel te neem. (Afrikaans Olimpiade). Deelname is nie verpligtend nie. Leerlinge wat wel deelneem, ontvang ’n sertifikaat daarvoor.

BITTEREINDERDAG (31 Mei)

Ook bekend as Republiekdag onder Afrikaners. CVO-ouers, leerlinge en onderwysers herdenk diegene onder die Boere wat tot op die einde teen Britse oorheersing bly veg het.

IEB-LO GTA

’n IEB Lewensoriëntering Gemeenskaplike Assesseringstaak word deur BCVO aan alle Gr 12 leerlinge gegee. Dit vorm deel van die vak se eindeksamen punt.

KULTUURFEES

Die kultuurfees vind jaarliks plaas in streeksverband op ’n datum deur die BCVO kultuurraad bepaal. Die datum word op die kalender aangedui. Alle leerlinge mag deelneem en ontvang ook ’n deelname sertifikaat in die onderskeie items. Items waarvoor ingeskryf kan word, is, onder andere, Afrikaans en Engels Prosa, Poësie, Drama, Bybelvoordrag, Letterkunde, Beeldende kuns, Fotografie, Redenaars, Musiek, Koor en Sang.

Gr 12 MONDELING

Verpligte Afrikaans en Engels mondeling wat deel is van Nasionale Senior Sertifikaat punt. ’n BCVO en IEB moderator eksamineer die leerling oor verskeie onderwerpe in die spesifieke vakke.

GRA-DAG

Die totstandkoming van die Genootskap van Regte Afrikaners (14 Augustus) word jaarliks onder die leiding van die GHA (Genootskap vir die Handhawing van Afrikaans) herdenk.

Gr 12 CLO en Praktiese lêers (PATS)

Datum waarop alle CLO praktiese assesseringstake by BCVO vir moderering ingehandig moet word.

MATRIEKAFSKEID

Dit is vir Riffies ‘n voorreg om vir ons matrikulant/e ‘n matriekafskeidsfunksie te gee. Dit is immers die dag waarna elke kind uitsien. Die Gr 11’s en hulle ouers is verantwoordelik vir die fondsinsamelings en ander reëlings rondom die matriekafskeid. Daar word jaarliks besluit of die hoërskoolleerlinge by die aand betrek word, omdat die aantal matrieks min is. Dit mag jaarliks verskil.

GP WISKUNDE (GEVORDERDE PROGRAM WISKUNDE)

Leerlinge in gr 9, wie ’n Wiskunde punt van 80% of hoër handhaaf, word deur die IEB genooi om maandeliks op ’n Saterdag hierdie ekstra vak te neem. Die vak tel as ’n addisionele vak in Gr 12 en word ook so op die NSS sertifikaat aangetoon.

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT EKSAMEN

Dis die jaarlikse eksamen wat alle gr 12 leerlinge skryf om ’n Matrieksertifikaat te ontvang.

STANDAARDISERINGSEKSAMEN

Dis ’n verpligte BCVO eksamen wat gedurende November deur alle BCVO skole geskryf word. Die doel van die standaardiseringseksamens is om die standaard van die BCVO, asook dié van die skool, te bepaal. Hierdie vraestelle word deur BCVO onderwysers opgestel.

EKSAMENS EN TOETSREEKSE

Tydens die eerste en derde kwartale word toetsreekse geskeduleer. Dit vind weekliks op ’n Dinsdag en Donderdag plaas tydens die toetsperiode aan die begin van die dag. (Dit word soms aangepas, maar kommunikasie daaroor word aan die ouers deurgegee.)
Tydens die tweede kwartaal is daar ’n kort toetsreeks (vind plaas soos bo genoem) waarna die halfjaar eksamen volg.
Tydens die vierde kwartaal word die gestandaardiseerde eksamen geskryf.

Gedurende die eksamen kom leerlinge reeds 11:00 uit.

Alle gr 12 leerlinge skryf in die eerste en tweede kwartale slegs toetsreekse op BCVO geskeduleerde datums. Tydens die derde kwartaal word die rekordeksamen geskryf en teen ongeveer einde Oktober vind die IEB se NSS eksamen plaas.

Riffies is ’n goedgekeurde eksamenlokaal.

IDENTITEITSDOKUMENTE

**Gr 11 leerlinge** moet hulle IDENTITEITSDOKUMENTE in orde kry. Dit word sommer vroeg in die nuwe jaar benodig, wanneer die IEB eksamenregistrasies plaasvind. Alle inligting in hierdie verband kan by Heidie verkry word.

WAT IS DIE OER / IEB?

Riffies is een van 172 skole wat die Onafhanklike Eksamen Raad (OER) / Independent Examination Board (IEB) se eksamen aflê. Hierdie eksamen is onder die toesig van Umalusi, maar onafhanklik van die Onderwysdepartement.

Die 2020-slaagsyfer van die OER se NSS eksamen was 98.07%, in vergelyking met die vorige jaar se slaagsyfer van 98.82%.

Alle kandidate wat geslaag het, het 'n punt behaal wat goed genoeg is om tersiêre studie op een van die volgende vlakke te betree:

79% het toegang tot Graadstudies behaal.

Die OER eksamen en die departementele eksamen val beide onder die toesig van Umalusi. Die OER eksamen word deur die privaat skole geskryf en die departementele eksamen word deur die staatskole geskryf.

BCVO SKOLE HET 99% SLAAGSYFER GEHAD.

BELANGRIK

Alle kommunikasie moet asseblief deur Heidie geskied. Sy sal u na die regte persoon verwys of u met die regte inligting kan help.

Kontaknr: 079 527 4819
E-pos adres: riffies@lantic.net